

8 April

Skrifgedeelte: Klaagliedere 2
Fokusgedeelte: Klaagliedere 2:1-7

Valse vertrouwe ontmasker

Hoe is dit moontlik dat die Here sy heilige tempel die voorwerp van sy toorn kon maak? Hier word onder andere getreur daaroor dat selfs die tempel nie aan die vernietiging ontkom het nie. Die Here het deur die beleëring van Jerusalem en die ballingskap van die volk dit donker laat word. Wanneer die heerlike teenwoordigheid van God nie meer by sy volk is nie (as so iets moontlik is) dan word dit inderdaad donker. In die nuwe Jerusalem sal daar nie 'n tempel wees nie, want God self sal daar wees en daar sal nie 'n son wees nie, omdat die heerlikheid van God die stad sal verlig. (Op 21:22).

Die tempel, die plek waar God woon – volgens populêre opvatting van die volk – die plek waar God aanbid en gedien word, het nou 'n plek geword waar die vyande feesvier. Hierdie klaaglied vestig ons aandag op die wesenlike probleem wat daar in die godsdien van Israel was. Lewers in hulle agterkoppe het die idee geleef dat die tempel die *huis van God* is. Hulle het dan geglo dat omdat die huis van God in Jerusalem is, die Here nie sal toelaat dat iets met Jerusalem sal gebeur nie. Hulle het hulle vertrouwe dus in die *huis* van God gestel en nie in die *God* van die huis van God nie. Hulle is dus totaal ontnugter in hulle geloof wanneer die tempel dan wel vernietig word. Dit waarop hulle vertrou het, verdwyn sienderoë. Dit is egter nooit te laat om na die Here te vlug en om by Hom te gaan skuil nie (vers 18,19).

Die eerlike vraag wat ons onself moet afvra, is of ons werklik op God en sy genade in Jesus Christus vertrou. Daar is so baie moontlikhede van valse vertrouwe: jou eie kundigheid (kennis), vaardighede (hande) en voorliefdes. Ons moet *kennis* van God hê soos Hy Hom in sy Woord openbaar en nie soos ons dink dat Hy Hom openbaar nie. Ons moet Hom met ons hele hart *liefhê* sonder om voorbehoude te stel. Ons moet Hom op *allerhande* maniere dien soos wat ons beveel word om te doen. Ons vertrouwe moet op God alleen gerig wees. Vertrouwe op valse gode skrop maklik in 'n mens se lewe plek. Daarom is daar maar altyd weer net een pad en dit is: terug na die Woord.

Sing: Psalm 71:1,2

Dr DJS Steyn (Benoni-Noord)